Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

testpapers.co.za

# SENIOR FASE

# GRAAD 9

# NOVEMBER 2014

# AFRIKAANS HUISTAAL V3

**PUNTE:** **60**

**TYD:** **1½ uur**

*9AFHL3*

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | Opstel | (40) |
   | AFDELING B: | Transaksionele Tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op ʼn NUWE bladsy.

5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en daarna netjies deurgehaal word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: SKRYF EN AANBIED (OPSTEL)

### VRAAG 1

1. Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ŉ OPSTEL van 250–300 woorde.

2. Jy moet jou werk BEPLAN, REDIGEER en jou skryfstuk PROEFLEES. Die beplanning moet voor die skryfstuk gedoen word.

3. Dui jou beplanning duidelik aan met die woord BEPLANNING, sodat daar nie verwarring ontstaan tussen jou beplanning en finale skryfstuk nie.

4. Trek ŉ streep deur die beplanning as jy jou finale beplanning klaar oorgeskryf het.

5. Dui jou finale skryfstuk met die woorde FINALE PRODUK aan.

6. Voorsien die skryfstuk van ŉ gepaste titel/opskrif.

   LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

7. Dui die lengte van jou skryfstuk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die leesstuk aan.

## OPSTEL OPDRAGTE

1.1 **Dit was die lekkerste of aakligste vakansie ooit!** **[40]**


**OF**

1.2 **Televisie of die internet maak mense lui of dom.** **[40]**

**OF**

1.3 Bestudeer die onderstaande visuele prikkels en ontwikkel jou eie tema. ONTHOU!!! Die opstel moet handel oor iets wat jy in die prentjies sien.

1.3.1



[*Sarie*, Junie 2013] **[40]**

**OF**

1.3.2



[*Vrouekeur*, 12 Maart 2011] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

1. Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ŉ opstel van 100–110 woorde.

2. Jy moet jou werk BEPLAN, REDIGEER en jou skryfstuk PROEFLEES. Die beplanning moet voor die skryfstuk gedoen word.

3. Dui jou beplanning duidelik aan met die woord BEPLANNING, sodat daar nie verwarring ontstaan tussen jou beplanning en finale skryfstuk nie.

4. Trek ŉ streep deur die beplanning as jy jou finale beplanning klaar oorgeskryf het.

5. Dui jou finale skryfstuk met die woorde FINALE PRODUK aan.

6. Voorsien die skryfstuk van ŉ gepaste titel/opskrif.

   LET WEL: Die titel/opskrif word nie in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

7. Dui die lengte van jou skryfstuk aan. Tel die woorde en dui dit tussen hakies aan die einde van die leesstuk aan.

### TRANSAKSIONELE TEKSTE OPDRAGTE

2.1 **DAGBOEKINSKRYWING**

Iemand wat jou vyandiggesind is het iets baie lelik van jou op die internet versprei. Jy weet nie hoe om die situasie te hanteer nie en stort jou hart uit deur ŉ DAGBOEKINSKRYWING te doen.

Skryf jou gevoelens en gedagtes oor hierdie aangeleentheid neer. **[20]**

**OF**

2.2 **E-pos**

Jy was ŉ toeskouer by ŉ interskole wedstryd en jy wil graag ŉ maat daarvan vertel.

Vertel aan hom/haar waarom jy hierdie kragmeting so besonders geniet het. **[20]**

**OF**

2.3 **DIALOOG**

Jy kry die geleentheid om ŉ onderhoud met een van jou gunsteling akteurs/aktrises te voer. Skryf ŉ DIALOOG wat julle voer, neer oor waarom hierdie persoon so besonders is in sy/haar nuutste fliek. **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**
**GROOTTOTAAL: 60**

2 2